F.A. VAN JAARSVELD. *Westerse historiografi geskiedenis-filosofie*. HAUM: Pretoria en Kaapstad, 1980. 165 pp. R10,00 (AVB uitgesluit)

Prof. F.A. van Jaarsveld, tans hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, is reeds vir meer as twee dekades gemoeid met historiografie en geskiedenisfilosofie, onderwerpe waaroor hy gereeld doseer en referate lewer, en waaroor hy reeds uitgebreid geskrywe het. *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie* is hoofsaaklik 'n samevatting in boekvorm van sy referate en voorlesings aan nagraadse studente. Wat hierdie werk van besondere betekenis maak, is dat dit tot dusver die enigste werk oor westerse geskiedskrywing en geskiedenisfilosofie is wat in Afrikaans verskyn het.

In ses temas word 'n oorsig gegee van die ontwikkelingsgang van historiese geleerdheid en ingegaan op die vordering wat die geskiedwetenskap gemaak het binne die raamwerk van die veranderende samelewings- en institusionele verbande waarin dit bedryf is. Die eerste tema handel oor hermeneutiese historisme, oftewel die klassieke wetenskaplike geskiedskrywing soos dit in veral die Leopold von Ranke-skool sy beslag gekry het. In die volgende tema word die verskillende strominge in die negentiende- en twintigste-eeuse geskiedskrywing onder die loep geneem, onder meer die reaksie teen die Verligtingshistoriografie van die Franse Rewolusie, die Liberalisme wat 'n voortsetting van die Verligtingshistoriografie was, die Realistiek as reaksie teen die Romantiese stroming in die geskiedskrywing, kultuur- en geestes (intellektuele of ideë-)geskiedenis, asook die herlewing van die Ranke-tradisie na die Tweede Wêreldoorlog. In sy derde tema bespreek Van Jaarsveld die aanslae op die metodologiese en filosofiese grondslae van Von Ranke se 'tradisionele' wetenskaplike geskiedenis, onder meer deur die Positiviste, die New History-beweging en die aanhangers van die nomologiese benadering tot die geskiedenis, in die besonder die Franse Annalesskool.

Die vierde tema is vir streekhistorici veral van besondere belang want hierin word die opkoms en bestendiging bespreek van die Annalesskool as die leidende historiese rigting in Europese historiografie en die rol wat Marc Bloch, Lucien Febvre, Fernand Braudel, C-E. Labrousse, Pierre Goubert en E. le Roy Ladurie daarin gespeel het. Die skrywer toon nie net aan dat die Annallesskool 'n nuwe dimensie aan geskiedskrywing gegee het deur hulle metode en geskiedenisbenadering nie, maar wys ook op wesenlike gebreke.

Die Duitse geskiedskrywing in die jare 1945 – 1977 kom vervolgens aan die beurt. Die verskillende faktore word bespreek wat verantwoordelik was vir die breuk met die tradisionele Duitse geskiedskrywing wat gelei het tot 'n reoriëntasie na 1961 waarin die Duitse verlede herwaardeer is en as gevolg van die Fischer-kontroversie groter aandag aan voorheen verwaarloosde sosio-ekonomiese temas gegee is.

Die laaste tema waarin 'n oorsig gegee word van die pogings om tot 'n "universeel-historiese daarstelling" te kom, sluit af met die probleme in verband met die moontlikheid van 'n wêreldgeskiedenis, 'n probleem wat volgens Van Jaarsveld "haas onoplosbaar is".

Die ernstige student van die geskiedenis sal hierdie boek wat in vele opsigte 'n stuk baanbrekerswerk is, uiters nuttig vind. Afgesien van behoorlike bronneverwysings deurgaans is 'n uitstekende literatuurlys, wat van die vroegste tot mees onlangse werke oor hierdie onderwerp insluit, opgeneem.

*A.G. OBERHOLSTER*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*